



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD
Sondag 26 Augustus 2012

Oggendiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladysy	Lied	Bladysy
1.	Psalm 98:1 & 2	488	Psalm 145:1,10 & 12	697
2.	Psalm 119:1 & 3	584	Psalm 119:10	588
3.	Psalm 105:1 & 5	514	Psalm 33:1	157
4.	Psalm 23:1 & 3	107		
5.	Psalm 116	569		
6.	Psalm 147:1 & 5	705		

BYBELSTUDIE GROEPE



SONDAG 2 September 2012

- **19:00-20:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit **Hebreërs**.

WOENSDAG 05 September 2012

- **10:00-11:00** in die konsistorie vir Bybelstudie uit **Lukas**.
- **18:00-19:00** in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.



VERGADERING DIAKENS



Die diakens vergader DV Dinsdag 27 Augustus 2012 om 18:00 in die konsistorie.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 26 Augustus 2012

Nommer 23

DIE WERKLIKHEID VAN JOU GELOOF

Die Woord wil geglo en beleef word. Geloof is *lewe* en daarom ook *belewe*. Met geloof in die hart **doen** die lidmaat iets. Geloof impliseer *ervaring*, want die mens in wie se hart die geloof gewerk is, moet uit die geloof lewe. Geloof is 'n **aktiwiteit**. Die lidmaat se **doen** word gerig vanuit die geloofsinhoud wat hy besit. Daarby gereken is geloof nie net *objektiewe kennis* nie maar ook 'n *persoonlike saak*. Die objektiewe geloofsinhoud lê buite die gelowige in die Woord van God waaruit dit verkry word deur omgang met die Bybel en veral prediking en kategese. Die subjektiewe geloofsdade lê in die mens as 'n reaksie op die geloofsinhoud – dit is 'n realiteit. Geloof kan nooit 'n besitting word nie, maar moet altyd weer 'n keuse, 'n beslissing bly.

Die primêre “orgaan” van die geloofservaring is die **gemoed**. Onder gemoed word verstaan die binne van die mens, opgevat as die setel van sy gevoel, hartstogte, stemminge, gewete (Spr.4:23; Spr.3:21-23). Die **intellek** kom eers daarná aan die orde om daardie belewenis en insig te verwoord. Die intellek weet ook nie altyd raad met die inligting van die gemoed nie. Dit is so omdat die intellek daardie kennis nie kan klassifiseer soos die kennis van die wêreld geklassifiseer word.

Daar moet egter gewaak word dat die ervaring nie tot norm gemaak word en die aktualiteit van die geloof opgaan in 'n aantal horisontale reëls en regulasies nie. Die aktualiteit van die geloof mag nie opgaan in 'n groot aantal kritiekpunte teen die wêreld en die heidendom nie. Die realiteit van die geloof lê daarin dat mense uitgenooi word om na die Woord wat verkondig word te luister en in hulle lewens toe te pas. In die kerk moet tot die uiterste toe gegaan word om die tyd waarin die gelowiges lewe te verstaan en dit as 'n geloofsrealiteit ondersoek en prakties toe te pas.

Dr. Nico van der Merwe

2.

SIMBAAL 26 Augustus 2012



PREKE VANDAG

Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **DEEL VAN GOD SE VOLK IN SY LAND**

Lees: Genesis 13

Teks: Genesis 13:14-17

Wanneer Abraham grond in die land van die Here koop, sê hy daardeur dat hy deel wil wees van die volk wat woon in die land van die Here. Hy wil homself dus gehoorsaam aan die woord van die Here verbind. Hy wou ook hê wat die Here wil.



Aanddiens Tema: **LEEF MET DIE VREDE WAT CHRISTUS JOU GEE**

Lees: Johannes 14:15-31

Teks: Johannes 14:27

Heidelbergse Kategismus Sondag 25

“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle.” Dit is die belofte wat Jesus nagekom het toe Hy aan die kruis gesterf het, Hy het vir ons vrede verwerf en gegee.

Maar die vrede wat Christus vir ons gee is anders as die vrede wat die wêreld soek. Dit is 'n vrede wat anders is as wat die wêreld gee.



- ♦ **Leen net uit wat jy kan bekostig om te verloor.**
- ♦ **Om aan iets te werk sonder om vergoeding daarvoor te verwag is goed vir jou karakter.**
- ♦ **Slegs op die weë van God lê die seëninge van God.**
- ♦ **Haat vergiftig die hater meer as die gehate.**
- ♦ **Die Here maak sy kinders groot deur hulle klein te hou.**



♦ **Om alles te doen op sy tyd is die middel om tyd te hê om alles te doen.**

SIMBAAL 26 Augustus 2012

7.

KINDERHUISE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA



Ondersteun ons kerke se kinders in Reddersburg en in Pretoria deur 41092 te SMS om R25 te belê in die toekoms van ons kinders.

Gaan kyk ook na die volgende:

<https://www.facebook.com/pages/President-Kruger-Kinderhuise/204472606267747?ref=stream>

Besoek ons webblad by <http://www.krugerkinderhuis.co.za/>

of volg ons op Twitter by <https://twitter.com/Kinderhuise>

Vertel julle vriende van ons en raak so betrokke by 'n goeie saak waar ons die kinders in ons sorg tot hulle volle potensiaal te laat ontwikkel, deur 'n hoë standaard van geestelike, emosionele, opvoedkundige en skoolastiese versorging te bied. Kontak vir Retha of Marlene by Tel : 012 332 1366/7

Faks: 012 332 3976 E-pos: pkbemark@telkomsa.net

E-pos: bemarker2@telkomsa.net vir meer inligting hoe u by die kinders (wat onder ons kerke se versorging staan) betrokke kan raak. of **018-2947457** of wentzel7@mweb.co.za



LAUDATOR TEMPORIS ACTI

Kinders en jongmense word vieserig en gegrief as hulle ouers of ander volwassenes altyd praat van “**die goeie ou tye**”. Partykeer laat dit tieners voel asof die tyd waarin hulle lewe net die ene boosheid en sondigheid is. Dit is tog die logiese afleiding wat gemaak kan word as volwassenes die **tyd vandag** vergelyk met die **goeie ou tye** wat verby is. Vir elkeen wat só oor die **goeie ou tye** voel is Prediker 7:10 die teks: “*Moenie sê in die ou dae was dit beter as nou nie; dit is nie uit wysheid dat 'n mens so sê nie.*” Iemand wat die verlede op hemel noem 'n mens: “*laudator temporis acti*” – **die lofsanger op die verlede**. So iemand is *kortsigtig* want hy sien nie die positiewe van die hede nie en nie die donker kante van die verlede nie. So iemand is ook nie *lankmoedig* nie (vs. 8). So iemand is *vitteerig*. Om *vitteerig*, *foutvinderig* te wees is om uit die hoogte 'n oordeel uit te spreek wat nie gewortel is in wysheid nie. Dit word dan 'n terugvlug in die nostalgiese verlede om weg te kom uit die onvervullende hede.

Vir elke volwasse gelowige is hierdie waarheid in die Bybel 'n vingerwysing van hoe jy deur die geloof na die verlede en hede moet kyk.

Dr. Nico van der Merwe

6. SIMBAAL 26 Augustus 2012

**KLERKSDORP-NOORD HET NOG
NIE DIE MIKPUNT BEREIK NIE**



Die Bybelgenootskap het vir 2012 op 'n ander praktiese optrede besluit wat die insameling van fondse vir Bybelverspreiding betref.. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

MIKPUNTE:

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand**.
4. Ons uiteindelik mikpunt is dat elke lidmaat een of meer Bybels sal borg.

U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskovertjie by die kerk inhandig.

Ons kan nou met groot dankbaarheid teenoor die Here soos volg rapporteer:

- ⇒ Tot op datum is genoeg ingesamel vir **240** Bybels. As elke belydende lidmaat 'n Bybel sou borg, praat ons van **316** Bybels.
- ⇒ Ons is dus nog **76** kort om ons aanvanklike mikpunt te bereik. Baie dankie aan almal wat reeds bygedra het.

Ons projek sluit op 28 Oktober 2012 met 'n muntlegging af. Ons vertrou dat dit ook 'n groot bydrae van ons totaal sal uitmaak.



- ❖ Onder die indruk dat jy na vryheid strewe, word jy 'n slaaf van die sonde.
- ❖ Die Here beheer die tong in my mond. Soms hoor ek my tong dinge sê wat ek self moeilik vind om te glo, want ek is nie in volle beheer van my tong nie.
- ❖ Daar is nie 'n seer wat so seer is as om te dink wat kon gewees het nie.

- ❖ God se geduld is baie baie lank, maar die Bybel sê ten slotte sal dit tog opraak.
- ❖ Ongelukkigheid spruit nie voort uit wat ons ontbeer nie, maar uit ons onvermoë om dankbaar en tevrede te wees met wat ons het.

SIMBAAL 26 Augustus 2012

3.

LIEF EN LEED



- ❖ **Sunel Vermeulen** se tannie is Sondag oorlede. Ons bid haar die troos van die Here toe. (Wyk 25 ☎ – 071-872-1683)
- ❖ **Vic van der Walt** ondergaan Vrydag 'n delikate operasie om 'n klier te verwyder. Ons wens hom baie sterkte toe. (Wyk 07 ☎ – 018-464-2622)
- ❖ **Hannes en Joey Uys** se dogter is gediagnoseer met borskanker. Ons bid haar en haar familie die krag en genade van die Here toe. (Wyk 18 ☎ – 018-468-1594)
- ❖ Ons neem met leedwese kennis dat **Oom Peet van der Walt** se suster, wat ernstig siek was in die hospitaal in Bloemfontein, gedurende Dinsdagnag 21 Augustus 2012 oorlede is. Ons bid oom Peet, sy dogter Erika, en al die ander familie die troos van die Here toe. (Wyk 18 ☎ – 018-468-3461)



ELKANA SE RADELOOSHEID


Lees: Genesis 30:1-8 Teks: 1 Samuel 1:8

Elkana was seker al raadop met Hanna. Daarom maak hy die opmerking teenoor haar dat sy liefde vir haar tog meer moet beteken as tien seuns. Dit blyk nie dat Elkana vir Peninna vermaan het oor haar optrede nie. Daarin sou hy sy plig versuim. Hy wil Hanna troos met iets wat nie vir haar troos inhou nie. In plaas daarvan om haar na God se wil te verwys, soos Jakob gedoen het (Gen. 30:2), wys hy na homself en probeer haar troos met sy liefde vir haar. Hier dink ons ook aan die raad van Agitofel (2 Sam. 16:23). Hoeveel Christientier worstel daagliks met ernstige probleme waarvoor hulle oplossings soek. Baie is ou probleme en baie is nuwe probleme verwant aan die tyd waarin ons woon. By mense sal jy nooit die regte antwoorde vind nie. Daar is net

een oplossing om met jou probleme na God te gaan en in God se Woord te soek na antwoorde.

4 SIMBAAL 26 Augustus 2012

KOLLEKTES			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
26 Augustus	Barmhartigheid	GKSA Jeugsorg	
02 September	Barmhartigheid	GKSA Sustentasiefonds	
09 September	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging	
16 September	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma	
			
GEMEENTEPROGRAM			
Sondag 26 Augustus tot Saterdag 1 September 2012			
Sondag 26 Augustus	Oggenddiens	09:30-10:30	
Sondag 26 Augustus	Aanddiens	18:00-19:00	
Dinsdag 27 Augustus	Vergadering Diakens	18:00	
			
TEESKINKBEURTE			
Sondag 02 September 2012	Wyk 02 & Wyk 03		
Sondag 09 September 2012	Wyk 04 & Wyk 05		
Sondag 16 September 2012	Wyk 06 & Wyk 07		
			
VERJAARDAE			
26 Augustus 2012 tot 1 September 2012			
26 Aug.	Franco Mocke	<i>Wyk 23</i>	018-468-3671
26 Aug.	Johan Scheepers	<i>Wyk 24</i>	018-484-1887
27 Aug.	Hannes Nortman	<i>Wyk 17</i>	018-468-2747
27 Aug.	Freek Cornelius	<i>Wyk 05</i>	018-468-6803
31 Aug.	Suzanne Sterley	<i>Wyk 05</i>	018-468-5628
1 Sept.	Jan de Klerk	<i>Wyk 16</i>	018-468-3431
Elkeen wat gedurende die week hulle verjaardag herdenk ontvang die hartlike gelukwensing van die gemeente. Mag julle op julle lewensweg die seënende hand van God oor julle voel.			



PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk
Skakel Corrie Botha 083 429 4824

SIMBAAL 26 Augustus 2012

5.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Proponent H Nkoana na Ramotse.
- Proponent GJJ van der Merwe na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.
- Proponent GJJ van der Merwe na Zeerust.

BEROEPE BEDANK

- Ds JH Grobler van Louis Trichardt na Frankfort.
- Ds KP Steyn van Empangeni na Durban-Noord.

KINDER EN JEUGKONFERENSIE 26-28 SEPTEMBER 2012

Die Fakulteit Teologie bied 'n toerustings konferensie aan vir almal wat met kinders en jeug werk. Verskeie kenners op die gebied van kinder en jeugsorg sal tydens die konferensie optree. Van die sprekers wat sal optree is: **Prof. Malan Nel, Craig Groome, Dr. Jan Grobelaar, Marius Storm** Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Konferensiegangers sal vir hulle eie **huisvesting** verantwoordelik wees. **Inskrywingsvorms** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word. Ons versoek kerkrade om **predikante, kategete** en almal wat met die kinders en jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon. Alle **Ouers** sal ook baie baat vind by die konferensie
Met dank Prof. dr. Gert Breed (TSP)

SUSTERS

Die susters vergader

- Woensdag 5 September 2012
- om 18:30
- in die Kerksaal.
- Spreker: Mara van der Colff van die Gereformeerde Kerk
Stilfontein

Tema: Kunstige wenke vir die afvalgoed in jou huis